NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK DANABAAI
KERKRAADSVERGADERING VAN 21 SEPTEMBER 2020.

VOORSTEL:

1. Dat die eredienste hervat word vanaf Sondag 4 Oktober 2020.

2. Dat die nodige maatreëls in stand gehou word rakende :

2.1 Nie meer as 250 bywoners nie
2.2 Byhou van register vir bywoners.
2.3 Handreiniging
2.4 Maskers
2.5 Sosiale afstand
2.6 Sanitering van kerkgebou voor die diens.

3. Dat die bedieninge begin vergader vanaf 1 Oktober 2020.

4. Dat die belydenisaflegging en nagmaal op 11 Oktober 2020 plaasvind.
Dat die kategese volgende Jaar Januarie hervat word, as die skole begin.

5. Dat die verkopings Vrydae en ’n kontantbydrae die plek van die basaar neem.

6. Dat begrafnisse in ons kerkgebou gehou word, met 100 persone wat dit kan bywoon.

7. Dat die Kerkkantoor weer vanaf 1 Oktober oop sal wees.
Dat die kerkkantoor ingerig word met ’n skerm, en dat reinigingsmiddels beskikbaar gestel word vir
die personeel en besoekers.

8. Dat Bybelstudies kan begin as die lede veilig en gemaklik voel daarmee.

9. Dat hierdie besluit reeds Dinsdag 22 September per e-pos en ander mediaplatforms aan die gemeente deurgegee word.